

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 5**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

## **Eer aan God in die hoogste Hemele**

Daar was herders in dieselfde landstreek, wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het. Meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle en die heerlijkheid van die Here het rondom hulle geskyn en groot vrees het hulle oorweldig.

En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees, dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here is.

Dit is vir julle die teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip lê.

En skielik was daar saam met die engel 'n menigte van die hemelse leërskaare wat God prys en sê: Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mens 'n welbehae!

Lukas 2:8-14.

## ***SALIG...! Buite die kerk?***

U glo in die Bybel! Tog staan u so vérvan die kerk af? Die kerk kan my nie salig maak nie, sê u. Ja, ek moet saamstem: die kerk kan niemand salig maak nie, want die kerk is maar net die mense wat aan die kerk behoort. Hulle is almal sondige mense, net soos u en ek. Hulle moet self salig gemaak word, maar nou wil ek darem graag weet of ons verder saamstem.

Wat verstaan u onder salig maak? Ek verstaan daaronder wat God Self daarvan in sy Woord sê. Hy sê salig maak beteken om van jou sonde verlos te wees. Dan het 'n mens vrede met God en dan is jou lewensgeluk verhewe bó en onafhanklik van rykdom of gesondheid of 'n ereposisie. Daarom kondig God vir Jesus as ons die Saligmaker aan. Jesus beteken Saligmaker. Noem Hom Jesus, want dit is Hy wat sy volk van hul sondes sal verlos (Matt. 11). Van Jesus sê die Bybel: Die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is waardeur ons gered moet word nie (Hand. 4:12). Daarom kan ek dit so heelhartig onderskryf as u sê: die kerk kan my nie salig maak nie... net Jesus doen dit.

So sê die Bybel, die Woord van God, maar dieselfde Bybel sê tóg iets van my saligheid en die kerk. Omdat die Bybel die Woord van God is, mag ek dit net so min ignoreer as die Godswoord dat Jesus die Saligmaker is.

Die Bybel maak aan ons bekend dat Jesus hulle wat Hy salig maak, vergader in sy kerk. Jesus sê: Ek is die goeie herder. Ek moet my skape lei en hulle sal na my stem luister en dit sal wees een kudde, een herder (Joh. 10). Wie hom van die kudde afskei, luister nie na die stem van die Herder nie. Hy soek sy eie begeerte (Spreekw. 18:1). Een kudde — so noem Jesus sy verlostes.

So volkome is die eenheid dat die kudde ook die liggaam van Christus genoem word: (1 Kor. 12 en Ef. 4). So volkome is die verbintenis tussen die herder en die kudde, dat die kerk kortweg die liggaam van Christus genoem word (1 Kor. 12:12). Elkeen wat hom aan die kerk, die kudde, die liggaam van Christus, onttrek, onttrek hom aan Jesus, die Saligmaker.

Vra u of dit nie net waar is van die geestelike eenheid van die kerk van Christus nie? Is dit nodig dat u aan 'n kerk met 'n bepaalde kerkraad, 'n lidmateregister en met gereelde eredienste moet behoort?

Ja, ek durf dit van u eis. Omdat die Bybel die sigbare kerk, soos dit op 'n bepaalde plek georganiseer is, ook die liggaam van Christus noem (Efesiërs 4). Jesus het Self sy kudde so op aarde laat vergader — eers in die dissipelkring. Later stuur Hy hulle om sy kerk te vergader en op te bou deur die verkondiging van die Evangelie (Matt. 28 : 19).

Daarom vergader die apostels die gelowiges in die kerk van Christus en stel hulle onder die versorging van die ampte. So kry die ouderlinge van Efese die opdrag: gee dan ag op julle self en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het — om as herders die gemeente van God te versorg wat Hy deur sy eie bloed verkry het (Handelinge 20 : 28). In die kerk word die liggaam van Christus opgebou en groei die gelowiges op in Hom (Ef. 4). Wie hom hieraan onttrek, onttrek hom aan Christus Self.

Daarom: saligheid, ja dit kry ek net by Jesus Christus, maar Hy gee die saligheid aan my in sy kerk. Die kerk maak my nie salig nie, maar buite die kerk is daar geen saligheid nie.

**J. J. van der Walt.**

## *Gaan na Jesus toe*

Geagte vriend,

Ons gaan bietjie oor die kerk en oor die predikante, die Fariseërs, gesels Hulle kan mos vir ander die les lees en hulle blaadjie is ook maar nie skoon nie. Ja, ja, ek is self 'n predikant. Ek weet waarvan ek praat. Die kerk vra heeldag net geld, sê jy. Hulle bou die duurste kerke en in die skadu van dieselfde kerk sit mense en verhongers. Kyk net daardie ou dikke in die kerk, half aan die slaap. Ek wed jou hy sit en dink oor die braaiboud wat vandag op die tafel kom en daardie vrou met die vroom gesig, verkoop goor botter vir goeie geld.

*Ons medewerker rig hierdie brief aan sy buitekerklike vriend. Hy antwoord op die ou beskuldiging dat die predikante Fariseërs is, dat die ou dikkes in die kerk sit en droom oor vanmiddag se braaiboud en dat die tannie met die vroom gesig goor botter vir goeie geld verkoop ...*

Ag ja man, dis alles waar en nog veel meer as dit. Ek kry baie skaam as ek daaraan dink, maar laat ek jou die anderkant van die prentjie ook wys. Wie het vir jou in die tronk besoek en jou weer help werk kry toe jy uitkom? Wie het daardie liewe ou kindjie van jou opgelaai hospitaal toe en gekyk dat alles regkom? Ek is ook een van die slegte predikante, maar is dit nie my vrou wat jou vrou kom troos het toe haar moeder oorlede is nie? Hoekom weet jy so maklik waar die kerk is as jy in die moeilikheid is?

### *Jesus, die Volmaakte*

Wag, dat ek jou verder vertel. Van Adam se tyd af is die wêreld belemmer deur die sonde en is daar nie meer goeie mense nie, maar die Here het Hom oor die mense ontferm en sy Seun gestuur. Van Hom kan jy niks sê, behalwe wat goed is, nie waar nie? Toe hulle Hom uitgeskel het, het Hy nie teruggeskel nie. Toe hulle hom geslaan het, het Hy nie teruggeslaan nie — het Hy nie vuur uit die hemel laat daal nie, maar is self dwarsdeur die hel vir die sondaar.

### *Is jy alleen reg?*

Ag man, as ons Hom maar ken, as ons maar na Hom wil gaan en luister na wat Hy sê. As jy maar op jou knieë wil val en vra om die genade van die Heilige Gees, sal jy kan onderskei. Jy sal jouself ken, jy sal Jesus Christus se mense ken en jy sal hulle onderskei van die geveinsdes. Gaan wys dan ook sommer vir hulle hoe 'n Christen rêrig behoort te wees. Is jy nie ook maar self 'n bietjie eiegeregtig nie? Is al die ander mense dan sleg en jy is nou reg. Jy wat nie Bybel lees nie, nie bid nie, nie kerk toe gaan nie... hoe is jou eie lewe miskien?

### *Nee, jy's ongelukkig*

Nee jong, ek kan rêrig nie glo jy meen al die dinge wat jy sê nie. Jyself voel nie tevrede nie, jy is nie gelukkig nie, geen mens wat van sy God af weg is, kan gelukkig wees nie. Een dag sal jy tog moet gaan rekenskap gee van wat jy gedoen het — of dit goed of kwaad is. Of dink jy 'n mens is ook maar soos 'n dier wat vrek, vrot en vergaan? Dit is die dwaasheid van die goddelose wat sê dat daar geen God is nie.

### ***Slimpraatjies help nie . . .***

Ons het almal met Hom te doen, met Hom wat hemel en aarde geskape het en alles nog onderhou en regeer. Hy het niks van ons nodig nie. Ons het alles van Hom nodig. Slimpraatjies help nie. Hy weet alles. Laat ons maar saam op die knieë gaan en erken en bely. Dan kom alles reg.

### ***Die Here maak sy mense bymekaar***

Wat sê jy? Daardie dinge is nie vir jou nie? Jy is te sleg? Nee wat man, die sondaar is moedswillig en sleg en verlore, maar jou verlossing hang mos nie van jouself af nie. Die Here maak self sy mense bymekaar — ook die wat wil weghardloop. Hy gaan haal almal wat aan Hom behoort. Hy het dan sy heerlike hemel verlaat om na die sondaar te kom, om sy skuld te betaal, om hom te kom haal en terug te bring na die vaderhuis vanwaar hy weggedwaal het. Die satan is magtig? Ja, dit is so. 'n Mens kan nie met hom speel nie, maar hy is nie almagtig nie. God alleen is almagtig en Hy laat niemand een van sy mense uit sy hand ruk nie.

### ***Gaan na Jesus toe***

Gaan na Jesus toe. Weet jy, een van die mooiste tekste in die Bybel is: "A1 wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie." (Joh. 6:37). Lees nou ook maar Kolossense 1:12 tot 14. Hou aan om te lees uit die Bybel. Daar is nie 'n mooier boek nie. Jy sal baie daarin kry... jy sal alles daarin kry wat jy nodig het op die pad na die ewigheid. Ook alles vir hierdie lewe... om van jou, al is jy hoe hopeloos, 'n mens van God te maak.

Ek sien jou weer.

**J.v.K.**

# **AANVAARDING**

Terwyl ek oor die blomakkertjie buk, het die woorde van die profeet my meteens te binne geskiet: "Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God."(Jes. 41:10). Dit was so helder in my asof iemand dit nou net aan my gesê het — die woorde uit die Bybel. Onmiddellik was ek skaam dat ek my soveel maande aan twyfel kon oorgee — aan hartseer en opstand.

Dit is tog seker nie toeval dat die Skepper 'n mens soms meer as een keer op dieselfde weg van smart lei nie. Is dit nie die duidelikste bewys dat Hy ons oor en oor wil verseker dat Hy oor ons lewenslot beskik nie? Is dit nie 'n voorreg dat 'n tweede geleentheid jou gegun word om jou kruis met groter waardigheid op te neem as voorheen nie?

Hoe kon ek voorheen so ondankbaar wees? As ek om my kyk na alles op hierdie pragtige somerdag, dan wonder ek watter reg ek gehad het om so met my Maker te twis. Niks van hierdie skoonheid het ek verdien nie. Dis alles genade.

Waarom sou ek op hierdie stralende dag probeer om die Godsbesluit te deurgrond? Wie sal die weë van die Here ooit verstaan? Daarom wil ek liever op hierdie oomblik stil berus en my verlustig in die skoonheid van blomme en blare en luister na die weemoedige gekoer van die duifies in die doringbome.

Weer vorm ek met my lippe die woorde van die profeet wat nou so helder in my is: " ...Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God".

Nou is ek innig naby my God.

**T. Heyns.**

## **VREDE OP AARDE ...**

*"Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae."* (Lukas 2:14)

"Vrede op aarde!" So het die engele gesing by die geboorte van Jesus Christus. Ten minste sê die Bybel so, maar het ons nie juis hier 'n bewys van die onbetroubaarheid van die Bybel nie? Die eenvoudige vissers en ander eenvoudiges van twee duisend jaar gelede kon dit miskien nog glo. Die mens van die twintigste eeu het egter aan eie lyf ervaar dat dit nie waar is nie. Twee grusame wêreldoorloë het ons oë finaal oopgemaak vir hierdie waandenkbeeld van 'n wêreld waarop bestendige vrede sal voortduur. Mense wat nog van vrede op aarde droom, hardloop agter 'n lugspieëling aan.

Vrede op aarde — afwesigheid van oorlog en geweld, harmonie en eengesindheid onder die mense. 'n Ongestoorde stilte waaragter geen bedreiging meer broei nie. Nee, miskien staan ons te midde van die laaiende vlamme van 'n verwoestende atoomoorlog wanneer hierdie woorde wat ek nou neerskryf, in druk verskyn.

Die Bybel vertel juis die teendeel. Die toenemende oorloë en geraas van die nasies is juis 'n vervulling van die Bybel. Jesus sê self dat Hy nie gekom het om vrede te bring nie, maar die swaard. Die Bybel het dit ook oor 'n andersoortige vrede. Dit is 'n vrede wat oneindig groter as wanneer die wapens neergelê word en die volkere tot rus kom. Dit is 'n vrede wat onkwesbaar is. Hieraan kan selfs 'n atoombom geen einde maak nie. In die vrede het duisende gesterf wat voor die wilde diere gewerp is of wat lewendig verbrand of gekruisig is. Dit is 'n vrede wat standhou... selfs deur die laaiende hel van 'n moderne oorlog heen.

*Dit is vrede in die hart ...dit is rus vir jou siel ...*

Paulus spreek hiervan as die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan. Dit is die wete dat ons met ons hemelse Vader versoen is. Daarom kan die engele sing by die geboorte van Jesus. Hy is immers ons vrede. Hy het die verstoorte verhouding tussen ons en God herstel. Hy is van God verlaat, sodat ons nimmermeer deur Hom verlaat sou word nie. Ons vrede bestaan dus daarin dat ons by God is. Dit het Jesus vir ons kom doen en vir ons gebring. Hy is Immanuel — God met ons. Hy bly met ons al raas die nasies en al wankel die berge weg in die hart van die see.

Wie die vrede eenmaal leer ken het, kan ook nie vrede hê met die onvrede op aarde nie. By hom lewe 'n onuitroeibare heimwee na die nuwe aarde wat aan ons beloof is. Die heimwee mag in ons nooit verdor nie. Niks mag dit uitdoof nie. Ons mag ons nie versoen met die geskondenheid van hierdie wêreld nie. Ons mag ons oë nie sluit vir die geestelike verrotting in ons samelewing nie. Ons moet bid en werk vir die vrede wal alle verstand te bowe gaan.

Ons goeie en wyse Vader ken ook ons swakheid. Hy weet van ons verkleefdheid aan die stof. Hy weet hoe maklik ons tuis raak in 'n vreedsame wêreld en dat die beeld van die nuwe aarde dan by ons vervaag. Om ons weer by hierdie wesentlike vrede te bring — die vrede met Hom — neem Hy dan dikwels ons uiterlike vrede en rus van ons weg. Dit kan geskied deur oorlogsgeweld. Dan werk dit vir ons ten goede mee, soos elke ander nood, wat ons gewoonlik beskou as 'n ramp, maar wat uit sy liefdevolle Vaderhand aan ons as medisyne toegedeel word.

**M. J. Booyens.**

## ***DIE KIND***

Die Kersfees-evangelie duld nie baie besprekings en toepassings nie. Ons mag nie in die laboratorium gaan analiseer nie. Om opdringerig met ons klein begrip rondom Bethlehem te gaan snuffel, is nie gepas nie.

Kersfees is ondeurgrondelik. Die hoë gedagtes van God kan nie in sy diepte bepaal word nie.

Die geboorte van elke kindjie is 'n wonder — hoeveel te meer die geboorte van Jesus Christus. Ons moet op Kersdag die intellektuele offer bring.

Die wonder van hierdie wonder is dat God dit nie vir ons ingewikkeld maak nie. 'n Mens hoef nie slim te wees om dit te begryp nie.

Die engele is vir ons iets vreemds, die boardse glans is anders, maar 'n kindjie in 'n krip is eenvoudig. Wanneer God na die aarde kom, is daar nie bliksems en rumoer in geheime formules nie — alleen maar 'n kindjie. Ons kyk na die kers-evangelie met kinderoë. Sekerlik, rondom hierdie Christus is ingewikkelde onderskeiding gemaak, dogmas afgelei en dit is reg, want ons moet ondersoek wat God aan ons geopenbaar het. Nooit mag ons egter die kerneenvoud van Christus ingewikkeld maak nie.

God maak dit vir ons maklik: die teken is die Kind in die krip.

Later het Hy gesê: "Ek is die Brood en die Lewe." Elkeen kan dit tog verstaan.

Dit is HY wat gesê het: "Vader Ek dank U dat U dit aan wyses en verstandiges verberg het en aan kindertjies dit geopenbaar het" en weer: "Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die Hemele ingaan nie."

By alles wat oud geword het, bly Kersdag so fris soos 'n kinderlag. Die Kind op Kersdag en sy evangelie behou sekere eienskappe van die kind: vol dartelende energie soos 'n kind. So is die geloof in Hom. Só ongekunsteld soos die kind, só vol moontlikhede en verwagting soos by die kind — só word Sy kinders.

Vriend, ons moet eenvoudig word. Hier is geen problematiek en ingewikkelde sisteme nie, geen lang redenasies en sensasie nie. God praat in die suiwerste eenvoud: "Ek het gekom om te soek en te red, dié wat verlore is" — duidelik, eenvoudig, helder! Deursigtig, soos die hart van 'n kind, is in Christus die hart en gedagtes van God.

Vriend, laat staan die groot woorde. Alleen kinderoë en 'n kinderhart kan die kind in die stal verstaan.

**W. J. de Klerk.**



## WAT HET JY NOU GEDOEN?

Dis 'n vraag van Pa hierdie wanneer ons verbrou het. Sy oë kon so gevaarlik skerp kyk. Ons bang kinderoë kon op so 'n oomblik nie in sy oë kyk nie.

Ons het hulle sku, bedeesd neergeslaan. Jy kon net sowel in die son probeer kyk het. Dan die skerp vraag: wat het jy nou gedoen? Die intonasie was altyd dieselfde — Onheilspellend. Die aksent was swaar op die *nou*. Wat het jy *nou* gedoen?

Die manier waarop hy *nou* gesê het, het jou laat vermoed dat jy op heterdaad betrap is. Dit het jou die vreeslike laat besef: Pa weet en hy wil hê jy moet weet dat hy weet. Dit is eintlik wat hy met sy vraag, wat het jy nou gedoen, aan jou wil sê.

Die hartjie wat teen jou ribbes skop, die knop in jou keel, die brand agter jou ooglede — dan vertel jy maar wat jy nou gedoen het totdat die skuldige kinderwoordjies kindergesang word.

Huil is kindergesang — so het Ouma altyd gesê. Dan het die skrobbering gevolg, of soms 'n pak slae, maar daarmee is die spanning gebreek: die swaar gewetenslas wat jou so gedruk het vandat jy die kwaad gedoen het, totdat Pa gevra het: “Wat het jy nou gedoen?”

'n Uur later kon jy weer op Pa se skoot sit asof niks gebeur het nie., kon jy sy lekker manlike reuk in jou neus opsnuif, in sy sakke vroetel vir 'n lekkertjie. Teen sy bors luister jy hoe sy hart roekedoef-roekedoef, met jou handjies in sy groot growwe vuis raak jy aan die slaap raak... salig!

Waar lê die dae? Vandag het ek self kinders. Hulle is net so stout soos ek was. As hulle kwaad gedoen het, wéét ek dit... net soos Pa altyd gewéét het. Nou vra ek hulle: “Wat het jy nou gedoen?” Dis so 'n eg-vaderlike vraag en dit het 'n onskatbare opvoedkundige waarde:

- dit laat die kind homself ontdek,
- dit verplig hom om eerlik sy skuld te erken,
- dit gee hom geleentheid om sy belaste gewete te verlig,
- dit is noodsaaklik vir die versoening wat moet volg.

“Wat het jy nou gedoen?” Met iets tussen skok en verrassing het ek hierdie vraag uit my kinderjare nou die dag in die Bybel teëgekom. Toe God sy kinders, nadat hulle kwaad gedoen het, in die paradys gaan opsoek het, het Hy, die Hemelse Vader, ook so gevra. Eers vir Adam: “Waar is jy?” Toe Adam die skuld op Eva pak, het hierdie Vader aan sy stout dogtertjie gevra: “Wat het jy nou gedoen?”

Dink net, die alwetende God, voor wie niks verborge bly nie, vra vir sy stout kind wat in die vyebos probeer wegkruip: “Wat het jy nou gedoen?”

### LOFSANG VAN MARIA

Ek wil die hoogste Heer  
met blye roemtaal eer,  
my Redder en Bewaker.  
In nederige staat wou  
Hy my nie verlaat.  
My God en Saligmaker.

Van nou af sal hul roem:  
hul sal my salig noem,  
want God was my gedagtig;  
sy wonderwoord aan my  
het God bevestig, Hy  
wat heilig is en magtig.

Barmhartigheid verleen  
Hy deur geslagte heen  
aan wie in Godsvrees lewe.  
sy arm gedurigdeur,  
tot kragdaad opgebeur,  
is magtig, hoogverhewe.

Soos stoppels voor die wind  
dryf Hy die mensekind.  
met al sy trotse planne.  
Sy arm, met sterkte omgord,  
het van hul troon gestort  
maghebbers en tiranne.

Om haar haarself te laat ontdek,  
om haar tot skulderkenning te bring,  
om haar belaste gewete te verlig,  
om die weg na die versoening in Christus voor te berei ...  
is dit nie ook die alwetende Vader se vraag aan die hele mensdom nie — ook aan my en aan u?  
“Wat het jy nou gedoen?” Toe, sê dit. Praat jou hart uit. Erken jy was verkeerd. Sê soos die verlore seun: "Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor U en ek is nie meer werd om U seun genoem te word nie." (Luk. 15:18, 19).  
Ja, God wéét alles lankal, maar Hy vra: "Wat het jy nou gedoen?" Sodat ons, deur te antwoord, weer aan sy Vaderhart tot rus kan kom. Soek u gemoedsrus? Gaan op u knieë en vertel die Here alles wat op u hart lê.  
Nou is dit 'n genadige vraag, maar een maal sal God met toornige oë by die oordeelsdag vra: "Wat het jy nou gedoen?" Dan sal dit te laat wees vir berou.  
Moet ons langer uitstel om vir die Vader te vertel wat ons gedoen het?

**P.W.B.**

## ***IMMMANUEL***

'n Lig het opgegaan,  
'n helder stralebaan  
skiet deur die donker wolke.  
Dit is Immanuel,  
die Vors van Israel,  
die Lig van alle volke.

Wie klein is voor sy oog,  
het God in eer verhoog,  
wie honger is, versadig;  
maar Hy 't in onspoedsuur  
die rykes weggestuur,  
verleë en onversadig.

Hy het sy bondsbestel  
vervul aan Israel,  
sy ewige heilsgedagte;  
ontferming toegeseg  
aan Abraham sy kneg  
tot verre nageslagte.

## ***AS JESUS IN MY LEWE INKOM (2)***

Daardie een was 'n man Sy naam was Paulus. In die oë van sy tydgenote was hy 'n baie vroom en godsdienstige man, want hy het behoort tot die groep van die Fariseërs wat probeer het om die wet van Moses en die oorlewering van die ou mense tot in die fynste puntjie gehoorsaam na te leef.

Hy moes hom ongetwyfeld ook vreeslik vererg het oor Jesus en sy navolgers wat gesê het dat 'n blote uiterlike nalewing van die wet van Moses niks beteken het nie. Daarom het hy nie net die kruisiging van Jesus en die steniging van Stefanus, een van sy volgelinge, goedgekeur nie, maar het ook self begin om die Christene te vervolg.

Eendag was hy weer op pad agter Christene aan, toe Jesus Christus self aan hom verskyn het. Na enkele woorde tussen hulle, vra hy toe aan Jesus: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" Hierdie woorde wys op die geweldige verandering wat daar in Paulus plaasgevind het.

Voor hierdie gebeurtenis was hy so vol van homself dat hy voortdurend gevra het: Wat kan *ek* doen om die Christene uit te roei? Jesus het hom egter van homself verlos en daarom kan hy nou vra: "Here, wat wil **U** hê, moet ek doen?"

Tevore het hy alleen die dwaalliggie van sy eie denke gevolg. Hy het alleen geluister na die stem van sy eie sondige, hoogmoedige hart. Hy het gedink dat hy God gedien het, maar nou sien hy dat hy in werklikheid besig was om homself te dien. Hy sien nou dat sy hele vorige lewe 'n ontsettende dwaling was en daarom gryp hy nou vas aan Jesus wat hom van homself en sy verkeerde lewe verlos het. Hy spreek die hartsbegeerte uit om voortaan net te doen wat Jesus wil hê hy moet doen.

Hierdie man wat vroeër oënskynlik so vreeslik godsdienstig was, se lewe het heeltemal verander toe Jesus in sy lewe ingekom het.

**P. J. de Bruyn.**

Hierdie gebed is nagelaat deur Franciscus van Assisi 1182-1226 n.C. 'n Mooier gebed vir Kersfees kan seker nie maklik gevind word nie.

## *Gebed*

Here maak van my 'n instrument van U vrede.

Dat ek liefde mag bring waar haat heers, eendrag waar onenigheid heers,

hoop waar wanhoop heers,

blydskap waar droefheid heers.

Gee Here dat ek nie soek om getroos te word nie.

maar om te troos.

Nie om begryp te word nie, maar om te begryp.

Nie om bemin te word nie, maar om te bemin.

Nie om te ontvang nie, maar om te gee.

Want wie gee, ontvang; wie homself vergeet, vind: wie vergeef,

sal vergiffenis ontvang.

Amen.

**'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God. Ewige Vader, Vredevors. (Jesaja 9:5).**